Pretoria- 21 Augustus 2011 (Voorbereiding)

Skriflesing: Exodus 12:1-14; 21-30; Romeine 8:31-39
Teks: **Exodus 12:22-24**
Sing- Ps. 9:1,10; Ps. 118:8,9; Ps. 118:10; Ps. 100:1,3

Wanneer ons volgende Sondag die Nagmaal wil vier, broeder en suster, dan is dit 'n fees saam met ons kinders. Ons kinders is by die Nagmaal nie uitgesluit nie. Juis wanneer ons kinders hulle ouers na die tafel sien kom, watter vreugde moet dit vir 'n kind wees om ma en pa te mag sien Nagmaal vier, want God sluit my as kind by my ouers in. In elke opsig is 'n kind by die tafel verteenwoordig al mag die kind self nog nie by die tafel wees nie, juis dat die kinders beskerm moet word om nie 'n oordeel oor hulleself te eet en te drink nie. Daarom staan ons saam met ons kinders vanoggend by hierdie tema- *ons kyk na die ware Nagmaalbetekenis vir my en my kind aan die hand van die Paasbetekenis wat daar vir Israel met hulle kinders ook was.*

Eerste kyk ons na wat die Paasfees voor God beteken. In die tweede plek daardie Paasfees het die kinders nie uitgesluit nie- die kinders was in hulle huise, in hulle ouers verteenwoordig. Ons besef Nagmaal is 'n fees vir my en my kind. En dan ons laaste gedagte vóór volgende Sondag se Nagmaal is die vraag- is ons en ons kinders nog werklik besig om deur die bloedpoort te gaan?!

Wat het die Paasfees vóór God beteken?

In ons voorbereiding vanoggend sien ons baie duidelik hoe God Self die voorbereiding getref het vir van Israel se grootste ontmoetings wat hulle tot nog toe met God sou hê. Vir Israel in Egipte sou dit hulle eerste Paasfees wees! Alles sou te doen kry, met Israel wat nou verlos gaan word . Verlos uit die slawebande wat in Egipte so swaar was , dat dit werklik net ' n daad van God sou kon wees wat hulle sal kan verlos. Maar ons sien vir die verlossing is dit nodig om eers onder die oordeel van God uit te kom. Verlossing staan nooit los van dat God ' n God is wat oordeel nie .

En dit is wat vir Israel en vir ons elkeen vandag nog so nodig is om te verstaan. Ek moet God se oordele net so duidelik kan insien, as wat ek die verlossing myself wil insien. Vir Israel in Egipte, om werklik gereed te wees vir die vertrek moes hulle eers onder hierdie laaste groot magsdaad van God in Egipte ingesluit word, waar God kinders laat sterf het.- Baie duidelik moes Israel God se oordeel sien. Hulle moes besef om te vertrek moet ek

eers onder die oordeel kan uitkom. Ek kan nie vry wees, verlos wees, maar ek is nie een wat met God se oordele rekening wil hou nie.
En daardie rekening het God met Paasfees baie jare voordat Christus as Mens gebore is, alreeds begin opmaak. Israel het geen verweer teen God se oordeel kon hê nie, al wat hulle moes raaksien is dat God daardie één nag, omtrent middernag, dwarsdeur Egipte sou trek, en dan sal al die eersgeborenes in Egipteland sterf, terwyl Israel ook nog daarbinne is.Ja, Israel die uitverkore volk, die Here se guns volk, sy oogappel, ook hulle staan vir die dood opgeskryf, as hulle nie sou kon kom by die ware Paasfees nie.

Die ware Paasfees met al sy verskillende dele wat duidelik in Christus gesmee en vervolmaak sou word. Ons sien in al die dinge die Ou Testamentiese baadjie waarmee God dit voorberei het, maar dan tref dit ons dat die Nagmaal, die die fees van die Nuwe Testament het God so aangrypend met die betekenis van die Paasfees vervul. Ons voorbereiding moet dit raaksien hoe God eintlik die Paasfees in die Nagmaal nuutgemaak het.

Vir Israel sê die Here in Exodus 12 neem 'n lam. 'n Lam was een van die grootste sake by die Paasfees. Die lam moes hulle op die tiende dag in hulle huise neem. Van Vrydag die vorige week tot Sondag hierdie week is altyd tien dae. So het Jesus die huis van Jerusalem ingekom, op die tiende dag wat 'n Sondag was. Op die Sondag ry Jesus Jerusalem se strate met die donkie binne waar die feesvierende skare vir Jesus met alles wat sy lof kon vertel, geloof en geprys het. Die lam het die huis ingekom.

Vir Israel sê die Here dat die Lam baie goed deursoek moes word. Daar mag geen gebrek aan die lam wees nie. Hulle moes ook die lam baie goed oppas, tot die veertiende dag. In die week wat Jesus in Jerusalem was, vóór Vrydag se kruis, hoe het die Fariseërs en die Sadduseërs die ware Lam van God nie ondersoek nie, Hom wou vasvra, probeer fout vind, na alle kante toe. Die Joodse Raad het beskuldigings teen Hom wou inbring, die Romeine het Hom ondervra, Pilatus se vrou droom oor sy onskuld, Pilatus wat kamtig sy hande simbolies was deur sy eie onskuld te wou wys. Voorwaar God se Lam was sonder gebrek. Dit tref 'n vroue droom, en 'n Romeinse heiden tegelykertyd oor hoe onskuldig

Jesus is. Dit gebeur alles na Donderdag toe, die veertiende dag van hoe die Here in Israel die Paasweek ingestel het, en op die veertiende dag moet die dag afgestuit word, as die dag van die Paaslam, maar die lam is dan nog nie geslag nie.

Israel sou in Egipte op die nadraai van die 14de dag, die Donderdag Psalms kon sing- die sg. Paashallel- Psalms 112 -116 . Jesus het ook die Donderdag-nag, voor sy gevangeneming met die instelling van die Nagmaal hierdie Psalms gesing Daar in die bo-vertrek met die oorgang van Paasfees na Nagmaal, sopas afgehandel, lees ons in Mattheus en in Markus dat *nadat hulle* (Jesus en sy dissipels) *die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg.* . Besef u wat moes dit vir Jesus wees . Op hiermee oomblikke moes Hy sy eie lyde nie net uit die Psalms hoor nie, Hy moes dit kon besing! Om te moes weet, terstonde ure is wat hierdie Psalms nou hier van sing, dinge wat letterlik op My wag-dink maar as Jesus se stem sou opklink , en Hy sou kom by die laaste Hallelpsalm- **Om my is bande en strikke van die dood... angste van die hel wat my laat bewe...ek is benoud, vol droefheid is my lewe en ek het die Heer gesmeek in al my nood...** en ook weer- **Ag, Heer, ek is U kneg, seun van u diensmaagd in u diens gebore, my bande is los vir hoër diens verkore, bring ek die offers aan U toegeseg...**

Teen Vrydag-oggend, 9h00, dit was in Israel altyd die tyd van die oggend offer, dan het die Israeliete met Paasfees hulle lammers moes vat en elke lam word goed voorberei vir wat in die middag drie uur gedoen moes word- aandoffer-tyd- dan is elke lam geslag. Jesus is 9h00 daardie oggend aan die kruis vasgespyker, waar lammers voorberei moes word en 3h00 daardie Vrydag-middag het Jesus gesterf. Geen been van die lam mag gebreek word nie. Soldate het altyd die kruiselings se bene gebreek om hulle dood ietwat te verhaas, maar toe hulle by Jesus kom, sien hulle dat Hy reeds dood was. In sy, sy, het hulle met hul spies gesteek, daar kom reeds bloed en water uit, sy bene het hulle nie gebreek nie. Van die lam in Israel mag daar na die Vrydag se Paasfees niks oorgebly het nie. Jesus is voor Saterdag, die Sabbatdag, dood van die kruis afgehaal,, niks het van Hom oorgebly nie.

Daar moes by die Paasfees van die bloed van die lam aan die deurkosyne gesmeer word,

(later op die altaar), huise moes as ' t ware 'n bloedpoort kon hê! Dit moes met ' n hisoptakkie aangesmeer word . Jesus se bloed sou aan die kruis bly sit, dis daaraan gesmeer kan ons maar sê. En nog lewend aan die kruis, het hulle Hom met 'n hisoptak die suur asyn aangegee om te drink.

Daar is so baie dinge wat in Exodus 12 gedoen is, wat ook met Jesus gedoen sou word. So moes Israel maak, want so sou met Jesus gemaak word. Die skerpste wat ons hier moet raaksien kom nog. Dit wat ouer en kind daardie nag in Egipte getref het. Elke huis wat sonder die bloed van die paaslam was, daardie Saterdag-oggend is hulle gewaak met die wete my eerste, in baie gevalle dalk ook my enigste kind is dood. Vir ewig dood en ja in die hel neergedaal, want in Egipte, is dit die kinders wat met hierdie gebeure verlore is. Dit bring ons dan by die gedagte- waar kinders by die Paasfees nie uitgesluit was nie. Ons besef kinders in hulle huise is deur hulle ouers verteenwoordig. Ons tweede gedagte is dan-

<u>Nagmaal is 'n fees vir my en my kind:</u>

Gestel een van ons kinders was in daardie kamtige skoon huise, geen bloed aan hulle kosyne nie, geen bloedpoort nie, so 'n huis was 'n dodehuis, die Here het daarmee nag geen so 'n huis oorgesien nie. Ons moet dit nog steeds onsself baie goed aantrek, en ek en my kinders moet dit baie goed besef, dat Israel was daardie nag nog ten vollein Egipte. Hulle was vir die dood opgeskryf as hulle nie bereid was om die hisoptakkie te gaan pluk, en die bloed van die gestalte paaslammers aan hulle deurkosyne te smeer nie.

Die een bevel sluit eintlik nou die volle bevele in. Aan elke deurpoort, die deurkosyne moes bloed bevat, die kosyne moes met 'n bossie hisop bestryk word . Die deur na elke Israelitiese huis sou letterlik 'n bloedpoort moes word, om te keer dat dit nie 'n doodspoort sou
word nie. As die Here die bloed sou sien sal Hy by die huis verbygaan, en die verderwer nie toelaat om in die huisese in te gaan en daar die oudste kind om te slaan, dood te slaan nie.

Ons, u en elke kind van u, wat gedoop is, u wat kan sê, die teken van Jesus se bloed dit is aan my voorkom gesmeer, besef u nog waarlik hoe God hierna kyk. Die teken van sy

Seun se bloed op u voorkom, laat die Here onse God met die belofte van jou wil Ek nie oordeel nie, jou wil ek red . God kyk met baie skerper oë, indringend na dit wat vir ons die tekens van sy Seun se bloed is. Vir God die Vader is dit absoluut bloed wat sou tel , sy Seun se eie bloed, wat u regverdig kon verklaar en u kan uitlei uit die doodse bestaan wat sal word die helse bestaan, waarin ons nou-al is en al erger sal word as God nie met ons is nie. Maar hierdie besef van hoe dood ek is , dit is terselfdertyd dit wat Israel moes oorkom, hulle ontvang die lewe terwyl hulle eintlik nog in die dood is. In Egipte, die dood is aan die gang in elke Egiptiese huis , maar dan is daar dié nag dié huise wat die lewe ontvang, daar waar die bloed die teken was van God se kinders kan bly lewe . In Egipte waar ons so goed as dood was , is vir ons die lewe gegee, nuwe lewe, ons kan herleef .

Maar dan moet ek God in sy oordele waarlik ernstig opneem. Nie kom met die liewe-Jesus teologie van ek wil nie hoor en ek kan nie verstaan hoe verskriklik dit is om te val die hande van die lewende God en hoe konkreet God se straf voltrek word met die tydelike en ewige oordeel, oor goddeloosheid en ongeregtigheid nie. Hoe dikwels kry ons mense wat hulle kinders vertel van liewe Jesus- moet sy Naam nie só gebruik nie. Kry eerder dit reg om vir u kinders van die bloedpoort te vertel, hoe hard, hoe swaar, hoe straffend dit vir God is om u en my so ver te bring om ook in my hande en hisoptak te plaas. Om myself nog by hierdie komende Nagmaal nog weer die bloed van Jesus aan te trek, soveel só, dit moet wees, asof dit aan my kom sit in die besef van die brood en die wyn. Die wyn en die brood word ons deel, so nodig is dit dat Jesus se bloed ons deel moes word.

Ons laaste vraag vanoggend is dan –

<u>Is ek en my gesin nog werklik besig om deur die bloedpoort te gaan?!</u>

Geliefdes, ek wil dit stel, ons is oor wat ons hier sê, baie keer nie ernstig genoeg nie. Ons het so 'n fyn vermoë ontwikkel, om te dink ons kan God sagmaak, ons hoef oor sy oordele nie meer duidelik en hard te dink en te praat nie. Hoe lekker om eintlik vir ons kinders net liewe Jesus-stories te vertel, en die harde realiteite van God se bloedpoort op Golgota word tydens Paasfees, paashasies en paaseiers van gemaak. Die ware kerk waar dit gaan om die verkondiging van God se ware volle planne word so dikwels versag en

vervals. Elke dag laat my nie meer met die volle besef van of is ek wel nog besig om deur die bloedpoort te gaan nie. Ons bloedpoort die lewende Jesus Self. Hy is die Een agter Wie u en ek moet gaan staan, agter Hom moet ons skuil as God sy regverdige oordele oor die wêreld gaan laat afkom.

As God ook sy kerk gaan straf juis oor die sondes van die kerk, ons sondes hier, ons louheid, luiheid, onbetrokkenheid, waar God en sy gebod gesien word as iets daar ver, daar van die kant van die kansel af, maar in my huis, in my kombuis, in my kantoor, in my werk, en ontspanning, in my kar, in my beursie, maak ek asof God sy hande daarvan moet afhou. Kan ons werklik onsself sien as mense wat reeds deur die bloedpoort gegaan het, maar ons gee geen dankoffer aan die Here nie. Ons kinders is by die katkisasie baie selde teenwoordig en dan nog minder voorberei. Kan ons werklik agter Jesus skuil en ons sê ons skuil agter Hom, maar ons wil nie die waarheid hoor nie.
As ons oor die bloedpoort ernstig genoeg is dan sal ons oor die kerklike poorte ook baie ernstiger wees. Ons sal elke Sondag deur die poorte wil gaan, elke dag sal ons wat op ons Gereformeerde kerke se wapens staan- *DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE*- ek sal ons kerkwapen my hartwapen wil maak. Dat ek kan kom tot wat 'n hisoptak se betekenis vir God is. Die hisopplant is gesien as 'n tipe plant wat kan reinig, kan skoonmaak, en so wil ek met die hisop my lewe volstaan. Dat die Here my lewe sal skoonmaak, dat ek eintlik elke dag meer en meer van die betekenis van wat God alles in Jesus vir ons gegee het, dit myself sterker en sterker kan aantrek. So sterk dit moet vir my wees, asof ek daarmee bestryk word. Die volle betekenis van Jesus se bloed, sy dood en opstanding, ek wil dan hê die Heilige Gees moet dit elke dag net nog dieper en helderder my hart instryk.

Die poort wat Paulus so treffend in Romeine 8 beskryf, ek wil dit met hierdie komende Nagmaal weer ten volle deurstap. Mag Romeine 8 vir ons soos 'n poort wees, om elke deeltjie daarvan ten volle deur te gaan. Elke deel van die bloedpoort is hier ten volle in Christus saamgevat. Mag u Romeine 8 'n poort van u hart maak. Mag ons by volgende Sondag se Nagmaal ware vreugde ervaar. Dubbeld was Israel se vreugde die nag van die tiende plaag, want

want hulle was bevry deurdat hulle kinders nie gesterf het nie, maar nou sal hulle ook bevry kan word van die slawebande waarmee Farao hulle so vasgeknel het. Die poorte wat hulle aanstons die Rooisee sou kon deur, watter poorte in die see in gekloof op grond van hulle huise se bloedpoorte.

Ons en ons huise sal kan Nagmaal vier, want terwyl ons onder God se oordele staan, in die bloedpoort, kom ons vry daar uit . God bevry sy kind van sy Eie oordele, juis op grond van sy Eie genade . Dis die een duidelike kant van Nagmaal, die ander kant net so duidelik, dit is ook 'n feeskant vir my en my kinders, dat iemand wat Nagmaal vier, staan altyd weer aan die begin van nuwe dinge. Die begin van 'n nuwe lewe, verlos uit die mag van die bose , satan en die sonde. Ek het nie aan die einde gekom nie, maar aan die begin van die bloedpoort , waar ek moontlik nog nog deur baie ander poorte in my lewe sal moet gaan, maar as ek in elke poort kan sê , ek maak hierdie ook 'n bloedpoort, weet dan, dis agter Jesus wat u kan skuil, God se Lam sonder gebrek.

AMEN